

**Maandag 5 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 2:5-17**

**Fokusgedeelte: Habakuk 2:5-17**

### **Troos vir elke gelowige**

In die res van hoofstuk 2, ná die kernopenbaring in vers 4, kom wys die Here wat die gevolge is vir die Galdeërs en vir enigiemand wat nie nederig, afhanklik van God, deur die geloof lewe nie. Vir die wat vol trots, in ander dinge eerder as in God, hulle verlossing soek, wag daar erge gevolge.

Vyf keer hoor ons die woorde: “Wee ...” (1933/53-vertaling) of: “Ellende wag vir ...” (1983-vertaling). Kom ons kyk na die eerste vier:

- *Ellende wag vir hom wat homself verryk met goed wat nie syne is nie, dit wil sê wat steel (vs 6).*
- *Ellende wag vir hom wat hom ten koste van ander verryk, dit wil sê wat ander mense indoen en misbruik om bo uit te kom (vs 9).*
- *Ellende wag vir hom wat ’n stad bou met moord, wat ’n dorp aanlê met onreg, dit wil sê diegene wat hulle mag misbruik (vs 12).*
- *Ellende wag vir hom wat ander mense fisies en seksueel mishandel (vs 15).*

Gierigheid, magsug, wellus en alles wat daarmee gepaardgaan, kenmerk hierdie nasie en hulle koning. Hulle sal met niks hiervan wegkom nie. Die Here, die Almagtige breek in ’n oogwink hulle mag en vernietig hulle rykdom (vs 13). Hulle sal uiteindelik self kaal voor die Here staan en sy volle oordeel in die gesig staar (vs 16).

Dit gee diep troos vir elke gelowige wat huil oor die onreg rondom hulle. Dis ook ernstige motivering om aan die Here vas te gryp vir verlossing van ons eie gierigheid, magsug en skeefgetrekte seksuele begeertes. Hy wil ons verlos en vry maak van ons eie en van ander mense se sonde!

*Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1, 3*

*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*